


ALGEMENE RIGLYNE BY DIE NASIEN VAN VRAESTEL 3

1. Bestudeer en bespreek die nasienskaal en die riglyne vir die gebruik daarvan en maak seker dat elke nasiener weet hoe om dit te gebruik.
2. Afdeling A word volgens die nasienskaal uit 40 nagesien..
3. Afdeling B word volgens die nasienskaal uit 20 nagesien.
4. Afdeling C word volgens die nasienskaal uit 15 of 20 en 'n memo nagesien.
5. As 'n skryfstuk in Afdeling A te kort is (leerder het minder as $\frac{2}{3}$ van die verwagte aantal woorde – minder as 200 - geskryf), word die leerder met 'n $\frac{1}{2}$ kerf of 2 punte gepepenseer.
6. As 'n skryfstuk in Afdeling B en C te kort is (leerder het minder as $\frac{2}{3}$ van die verwagte aantal woorde – minder as 100 - geskryf), word die leerder met 'n $\frac{1}{2}$ kerf of 1 punt gepepenseer.
7. As 'n skryfstuk in Afdeling A te lank is (leerder het meer as $\frac{1}{3}$ van die verwagte aantal woorde te veel geskryf (400 woorde), word die hele skryfstuk gelees en nagesien, maar die leerder word met 'n $\frac{1}{2}$ kerf of 2 punte gepepenseer.
8. As 'n skryfstuk in Afdeling B en C te lank is (leerder het meer as $\frac{1}{3}$ van die verwagte aantal woorde te veel geskryf (200 woorde), word die hele skryfstuk gelees en nagesien, maar die leerder word met 'n $\frac{1}{2}$ kerf of 1 punt gepepenseer.
9. As skryfstukke uit die vraestel saamgeflans word, sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die leerder ontvang dan S-. Kommentaar sal wees:
 - Geen eie werk nie.
 - Geen kommunikasie nie.
 - Saamgeflans.
10. As die leerder 'n gememoriseerde opstel onder 'n sekere onderwerp indwing, word die leerder ook gepepenseer wat die inhoud betref. Die inhoud is dan verkeerd geïnterpreteer en moet as swak beskou word. Kommunikasie moet ook as swak beskou word. By die taalaspek word die gemiddeld van die taal van die ander twee skryfstukke geneem (aangesien ons weet dat dit die persoon se eie taal is).
11. As 'n onderwerp misgetas word, word die leerder ook streng gepepenseer as dit by inhoud en kommunikasie kom ('n baie lae punt). Taal kan normaal nagesien word.
12. Simbole en punt(e) word regs onderaan die laaste bladsy van die skryfstuk en die groot totaal links bo-aan die begin van elke afdeling neergeskryf.
13. Hierdie metode van nasien word by alle skryfstukke toegepas.
14. Dit word voorgestel dat die volgende nasiensimbole gebruik word:



^	woord(e) weggelaat
=	spelfout (dui asseblief direk onder spelfout aan)
()	verkeerde woordorde. Nie nodig om reg te maak nie.
? of ξ	sinneloos; verstaan nie
//	nuwe paragraaf
punktuasie	dui hoofletters, kommas, punte en so meer aan.

NB! In alle kreatiewe skryfwerk hoef leerders wat inhoud betref hulle nie deur die leidrade te laat lei nie. Hulle kan hulle eie idees gebruik, solank dit net by die onderwerp pas.

AFDELING A: LANGER SKRYFSTUKKE
VRAAG 1

1.1 VERHALEND - 'n Onaangename gebeurtenis by 'n sportbyeenkoms

TAAL:

- + Is die taalgebruik/ woordeskat goed en van pas?
- + Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
- + Let wel: In verlede tyd word voegwoorde soos toe, (het) ens. gebruik.
- + Is die tyd deurlopend dieselfde?

INHOUD:

- + Word daar gesê watter sportbyeenkoms dit was en waar dit plaasgevind het?
- + Word die situasie voor die onaangename gebeurtenis geskets?
- + Word genoem en beskryf wat verkeerd geloop het?
- + Is daar sprake van spanning?
- + Was dit regtig onaangenaam, of is dit onaanvaarbaar as 'n onaangename ondervinding?
- + Word die gevolge genoem?
- + Is die inhoud boeiend, besonders, roerend en interessant?
- + Oortuig die verhaal?
- + Of oortuig dit nie werklik nie?

KOMMUNIKASIE:


- + Wat is my reaksie: is die verhaal mooi, boeiend, besonders, roerend en interessant, gewoon, alledaags en gewoon?

(SIEN NA VOLGENS DIE GEGEWE NASIENSKAAL UIT 40)

1.2 BESKRYWEND - Dit was een van die grootste brande!

1.3 TAAL:

- + Pas die register?
- + Word genoeg byvoeglike en beskrywende woorde gebruik?
- + Kan jy as't ware sien, hoor, ruik, proe en ervaar, i.e. word sintuie goed ingespan?
- + Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
- + Let op na verskil tussen vertel en beskryf.
- + Is die tyd deurlopend dieselfde?
- + Let wel: In verlede tyd word voegwoorde soos toe, (het) ens. gebruik



INHOUD:

- + Word die plek genoem en akkuraat beskryf?
- + Word dit wat gebrand het, die vlamme, die brandslaners, die omstanders, die emosies beskryf?
- + Word die gevolge van die brand en die skade wat dit aangerig het, beskryf?
- + Word die emosionele effek van die brand op die slagoffers lewensgetrou (uiterlik) uitgebeeld?
- + Klink dit soos 'n persoonlike ervaring/ belewenis?

KOMMUNIKASIE:

- + Word daar oor die onderwerp gekommunikeer, i.e. dit wat beskryf word, word dit so werklik in die leser se verbeelding as wat dit vir die skrywer is?
 - + Wat is my reaksie: is die beskrywing goed, interessant, gewoon, alledaags?
 - + Of oortuig dit nie werklik nie?
- (SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 40)

1.3. ARGUMENTEREND - Is Suid-Afrika, 'n land waar wette nie veel beteken nie.

'n Spesifieke standpunt word ingeneem en oortuigend gemotiveer. Die skrywer het 'n grondige kennis en 'n opregte belangstelling in die onderwerp.

TAAL:

- + Pas die register?
- + Is die woord- en taalgebruik goed en van pas?
- + Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?


INHOUD:

- + Word daar gesê of kandidaat saamstem óf nie?
- + Word redes genoem waarom skrywer met Tutu saamstem, of van hom verskil?
- + Word verskillende misdade wat gepleeg word, genoem?
- + Word stellings deur middel van bewyse gestaaf?
- + Word moontlike oplossings vir probleme gegee?
- + Ontwikkel die redenasie logies en sistematies?
- + Word oplossings voorgestel of is die argumente net afbrekend?
- + Word daar tot 'n duidelike gevolgtrekking gekom?
- + Toon kandidaat duidelike insig in die onderwerp?

KOMMUNIKASIE

- + Word daar oor die onderwerp gekommunikeer, i.e. word dit waaroor geargumenteer word, so werklik in die leser se verbeelding as wat dit vir die skrywer is?
- + Wat is my reaksie: is die argument goed, interessant, gewoon, alledaags?
- + Of oortuig dit nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 40)



1.4. BESPIEGELEND - Ouers en kinders

Oor 'n saak word gepeins, gedebatteer, selfs gefilosofeer. Die skrywer het persoonlike ondervinding of goeie kennis oor die onderwerp.

TAAL:

- + Pas die register?
- + Is die woord- en taalgebruik goed?
- + Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?

INHOUD:

- + Word daar duidelik genoem hoekom party ouers goed is vir kinders en ander nie?
- + Word daar gesê hoekom party ouers nie kinders wil hê nie?
- + Word daar gesê hoe party ouers voel wat nie kinders het nie?
- + Word die rol wat ouers in die lewe van kinders speel, uitgelig?
- + Word daar duidelik gesê of skrywer kinders wil hê?
- + Word daar duidelik gesê of skrywer soos sy/ haar ma en/ pa wil wees?
- + Word albei kante bespreek, is daar duidelike tekens van 'n bespiegeling?
- + Word 'n eie mening logies en sistematies uiteengesit?
- + Word daar tot 'n gevolgtrekking gekom?

KOMMUNIKASIE:

- + Word daar oor die onderwerp gekommunikeer, i.e. word dit waaroor bespiegel word, so werklik in die leser se verbeelding as wat dit vir die skrywer is?
- + Wat is my reaksie: is die bespiegeling goed, interessant, gewoon, alledaags?
- + Of oortuig dit nie werklik nie?


(SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 40)

1.5 VERTOLKENDE SKRYFSTUK – PRENTE**TAAL:**

- + Pas die register?
- + Is die woord- en taalgebruik goed?
- + Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?

INHOUD:

- + Word daar gesê waaraan die prentjie die skrywer laat dink?
- + Word alles wat in die prentjie gesien kan word, beskryf?
- + Word die prentjie se inhoud boeiend, besonders, roerend en interessant oorgedra?
- + Word die emosies van die skrywer duidelik in die uitbeelding weerspieël?
- + Hou die afleidings en aannames verband met die situasie (prentjie)?
- + Is die prentjie korrek geïnterpreteer?
- + Is 'n eie mening van toepassing op die situasie/prent?



KOMMUNIKASIE:

- + Word daar oor die onderwerp gekommunikeer, i.e. is die feite wat gegee word, reg?
- + Wat is my reaksie: is die feite goed, interessant, gewoon, alledaags?
- + Of oortuig dit nie werklik nie, is die prentjie dalk verkeerd vertolk?

(SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 40)

TOTAAL AFDELING A: [40]**KORTER SKRYFSTUKKE****AFDELING B - FUNKSIONELE SKRYFWERK****VRAAG 2****2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF – Dwelms****Vormfoute in die brief:**

- 'n Leerder word toegelaat om 'n maksimum van twee vormfoute in die brief te maak.
- As daar 3 en meer vormfoute is, word die leerder met ½ kerf of 1 punt gepenaliseer.

Voorbeelde van die adres:

Kerkstraat 1	Posbus 88	Huis 342	Plot 588	Debrahof
Uitbreiding	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam
Pleknaam	Kode	Kode	Kode	Kode
Kode				

Geen Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Ghandi Square, word aanvaar nie.


Voorbeeld van die vorm van die brief:

Kerkstraat 50
 Johannesburg
 2000
 17 September 2006

xxxxxxx (Laat 'n reël oop)
 Liewe/Beste
 xxxxxxxx (Laat 'n reël oop)
 Paragraaf
 xxxxxxxx (Laat 'n reël oop)
 Paragraaf
 xxxxxxxx (Laat 'n reël oop)
 Paragraaf
 xxxxxxxx (Laat 'n reël oop)
 Groete.
 xxxxxxxx (Laat 'n reël oop)
 Naam van skrywer

of:

Groete.
 xxxxxxxx (Laat 'n reël oop)
 U kleinkind
 Naam van skrywer



VORM:

- + Is die vorm van die brief t.o.v. adres, aanhef en slot korrek, word reëls oopgelaat?
- + Word die aanspreekvorm “Liewe” of “Beste” in die aanhef gebruik?

TAAL:

- + Pas die register?
- + Is die woord- en taalgebruik goed?
- + Is daar ‘n samehang in sinne en paragrawe?

INHOUD:

- + Is die trant vriendelik, maar kan ‘n duidelike ondertoon van kommer agtergekom word?
- + Word daar melding gemaak oor die gebruik van dwelms en hoe die skrywer daarvoor voel?
- + Word die dwelms wat die vriende gebruik, genoem?
- + Word daar na enige druk verwys en is dit regtig druk?
- + Word daar regtig ‘n probleem/ situasie beskryf?
- + Word raad gevra en redes vir die behoefte aan raad, gegee?
- + Word redes gegee waarom die probleem opgelos moet word?

KOMMUNIKASIE:

- + Is die kommunikasie natuurlik en spontaan?
- + Is die kommunikasie so geslaagd dat dit die gewenste reaksie by die leser uitlok?
- + Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
- + Of oortuig dit nie werklik nie?

(GEBRUIK NASIENSKAAL UIT 20)

2.2 TOESPRAAK - ‘n Suksesvolle skoolloopbaan**Let wel: Vorm van die toespraak:**


- ‘n Goeie inleidingsparagraaf wat die onderwerp aanspreek.
- Verskillende hoofgedagtes word in verskillende paragrawe aangespreek.
- Die slotparagraaf moet die inhoud saamvat.

VORM:

- + Is die vorm van die toespraak korrek?

TAAL:

- + Is die taalgebruik geskik en gepas, i.e. geen sleng, vloekwoorde of vuiltaal nie?
- + Is daar ‘n formele aanspreekvorm, bv. “u”?
- + Is woord- en taalgebruik goed?



INHOUD:

- + Word die doel van die toespraak genoem?
- + Word die voordele van 'n suksesvolle skoolloopbaan genoem?
- + Word die probleme om tuis te studeer en werk te bekom, genoem?
- + Word raad gegee en leerders aangemoedig om hard te werk en positief te wees?
- + Is die toespraak natuurlik en spontaan?
- + Is die trant duidelik ten opsigte van aanmoediging, erns van die saak, ens.?
- + Word moontlike oplossings aangebied?
- + Is daar duidelike ontwikkeling in die toespraak?

KOMMUNIKASIE:

- + Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
- + Of oortuig dit nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 20)

2.3 VERSLAG - Straatkinders**TAAL:**

- + Register: word in die 3de persoon vertel.
- + Woordkeuse moet pas by die onderwerp/opdrag.
- + Die styl moet by die onderwerp en die leser aanpas.

INHOUD:


- + Word inligting oor die straatkinders gegee (hoeveelheid en ouderdom)?
- + Word dele waar hulle bly genoem?
- + Word gesê hoe hulle gehelp word?
- + Word gesê watter sukses behaal is?
- + Word gesê hoe hulle in die toekoms gehelp gaan word?
- + Is die inligting akkuraat en volledig?
- + Is die skrywer objektief?

KOMMUNIKASIE:

- + Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
- + Of oortuig dit nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 20)

TOTAAL AFDELING B = 20 PUNTE



AFDELING C

TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

VRAAG 3

3.1 NOTULE

Let wel:

- 'n Onpartydige, volkome korrekte weergawe van die verrigtinge van 'n vergadering.
- 'n Verslag van die besluite wat geneem is.
- Dit dien as amptelike rekord.
- Die notule moet duidelik, saaklik, ondubbelsinnig en objektief wees.

Metode van nasien:

Gebruik die Agenda op die vraestel as riglyn.

Die volgende opskrif moet daar wees: **Notule van vergadering van Sosiale klub soos gehou op Vrydag, 30 Maart 2007 om 19:00 in die klubsaal.**

1. **Verwelkoming:** Deur wie
 2. **Verskonings:** Name moet genoem word.
 3. **Bywoningsregister:** Wie aanwesig of afwesig is (name).
 4. **Besprekingspunte:** Moet duidelik wees.
 - (a) Aankoop van voorraad: Moet sê wie koop, hoeveelheid, wat gekoop moet word en waar gekoop moet word.
 - (b) Fondsinsameling: Wat beplan word, waar en wanneer beplan word.
 5. **Datum van volgende vergadering:** Moet datum gee (syfers of woorde in Afrikaans).
- Afsluiting:** Moet naam gee.

TAAL:

- + Is die register geskik en van pas?
- + Is woord- en taalgebruik goed?
- + Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?


INHOUD:

- + Is die notule duidelik, saaklik, ondubbelsinnig, objektief en volledig?
- + Is inligting by alle punte soos op die Agenda, aangebring/geskryf?

KOMMUNIKASIE:

- + Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
- + Of oortuig dit nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS NASIENSKAAL UIT 20)



Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

3.2. FAKSBOODSKAP

Manier van nasien:

Memo (op BYLAAG A geantwoord) en die 15-punt nasienskaal.

FAKSVORM

Naam van ontvanger: Naam en van (moet twee woorde wees)

Faksnommer: Enige telefoonnommer

Naam van sender: Naam en van van bestuurder

Datum: Enige (syfers of voluit)

Onderwerp: Werksonderhoud

(5x1=5)

Boodskap:

TAAL:

- + Is die register geskik en van pas?
- + Is die woord- en taalgebruik goed?
- + Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?

INHOUD:

Word die volgende op die faksvorm aangedui:

- **Datum en tyd van onderhoud:** enige, maar Afrikaanse woorde
- **Plek waar onderhoud gaan plaasvind:** enige gebou, straat, stad/dorp.
- **Tipe pos waarvoor aanstelling gaan wees:** enige
- **Watter vervoerreëlings getref is:** motor, bus, taxi, trein, vliegtuig
- **Watter verblyfreëlings getref is:** hotel, ens.
- **Watter inligting die kandidaat moet saambring:** soos van toepassing op die pos

KOMMUNIKASIE:

- + Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
- + Of oortuig dit nie werklik nie?


(GEBRUIK MEMO UIT 5 EN 15-PUNT NASIENSKAAL AS NASIENRIGLYN)

3.3. PLAKKAAT EN E-POS

3.3.1 PLAKKAAT

TAAL:

- + Is die register geskik en van pas?
- + Is die woord- en taalgebruik goed?



INHOUD:

Is die volgende op die plakkaat aangebring:

- **Datum van optrede:** enige
- **Tyd van optrede:** enige
- **Plek van optrede:** enige
- **Toegangsgeld:** enige bedrag in syfers
- **Kleredrag:** gespel in Afrikaans

- **Eet- en drinkgoed:** woorde in Afrikaans
- **Ouderdomsbepkering:** woorde en syfers
- **Tipe musiek of danse wat julle wil doen:** enige, maar in Afrikaanse terme
- **Bepaal ook of die naam van die groep wat optree eerste gegee word.**
- **Kyk of die belangrikste inligting nl. naam, tyd datum na die naam gegee word.**

$$8 \times 1 = (8) + 2(\text{uitleg van plakkaat}) = (10 \div 2) \quad (5)$$

3.3.2 E-POS

Kyk ook na die volgende:

- Dit moet 'n e-pos adres wees.
- As e-pos adres nie gegee word nie, moet ½ punt afgetrek word.

TAAL:

- + Is die register geskik en van pas?
- + Is die woord- en taalgebruik goed?

INHOUD:

- Word redes gegee waarom hulle die dans- of musiekgroep gestig het?
- Word redes gegee waarom hulle die konsert aan die gemeenskap wil wys?
- Word daar verduidelik hoe hard die groep oefen het?
- Word daar gesê wat hulle met die geld wil doen/maak?

(15)


KOMMUNIKASIE:

- + Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
- + Of oortuig dit nie werklik nie?

(GEBRUIK 15-PUNT NASIENSKAAL.)

TOTAAL AFDELING C = 20 PUNTE

Kopiereg voorbehou



BEPUNTING VAN SKRYFWERK

OMSKRYWING VAN KOMPONENTE

Die verskillende komponente kan eintlik nie apart aangeslaan word nie, want hulle hou direk met mekaar verband. Die aanbieding van die **inhoud** sluit taal en styl in en die **kommunikatiewe** kan nie los bepaal word nie, maar in samehang met die natuurlike en gepaste taalgebruik.

In **globale** assessering word die integrasie van die verskillende komponente erken. Daar word aanvaar dat die een 'n direkte invloed op die ander het en nie van mekaar losgemaak kan word nie.

TAAL

Die hoofaspekte waarna ons oplet in taalgebruik is die volgende:

- **Woordeskatkennis :**
Hier kyk jy hoe ryk, uitgebreid en korrek die leerder se woordeskat is. Dit sluit ook kennis en gebruik van woordstrukture in. Jy kyk ook of die kandidaat die woord se betekenis ken.
- **Sinsbou:**
Dit sluit die verskeidenheid sinsoorte en sinskonstruksies in. Met sinsoorte word bedoel of die kandidaat verskillende soorte sinne effektief kan gebruik, bv. vraagsinne, omgesette woordorde, begin met voegwoord, ens. In sinskonstruksie kyk ons na die woordorde, die gebruik van voegwoorde, die korrekte gebruik van tyd, ens.
- **Spelling en punktuasie:**
Omdat dit 'n skryfvaestel is, moet die kandidaat kan spel en weet hoe om lees- en skryftekens korrek en effektief te kan gebruik.


INHOUD

- **Beplanning:**
Goeie beplanning sal verseker dat die inleiding prikkelend is, daar 'n goeie ontwikkeling plaasvind en dat die slot verrassend en funksioneel is. Beplanning verseker verder dat die stof tersaaklik is. Dit sluit sinvolle rangskikking van gegewens, paragrafering, korrekte lengte, ens. in.
- **Hantering van onderwerp:**
Jy kyk hoe oorspronklik, oortuigend en interessant die onderwerp hanteer word, Kyk of die materiaal logies, samehangend, vloeiend en duidelik oorgedra word.

KOMMUNIKATIEWE

- **Interpretasie van onderwerp:**
Jy stel vas of die kandidaat die onderwerp duidelik en korrek geïnterpreteer het.
- **Oordra van boodskap:**
Jy kyk hoe goed en suksesvol die boodskap oorgedra is, of die styl en trant pas, die woord- en taalgebruik natuurlik en geskik is, m.a.w. of die kandidaat daarin slaag om die leser die doel van die skrywe te laat verstaan.
- **Leser se reaksie:**
Word daar op so 'n manier gekommunikeer dat jy duidelik en helder verstaan, dat die inhoud jou boei, dat jy verder wil lees en dat dit die gewenste reaksie uitlok? (Jy voel dalk saam bly/hartseer/kwaad... Jy "sien" die prentjie/persoon wat beskryf is... Jy wil reageer op wat jy gelees het.

(By elke skryfstuk word 'n ontvanger [leser] veronderstel. Die boodskap moet op die ontvanger gerig wees. Verder moet die taal, styl en trant pas en die sender[s krywer] se rol moet klop met die opdrag in die vraestel.)



TOEPASSING VAN DIE SKAAL

- 1 Lees die skryfstuk deur en bepaal in watter **hoofkategorie** die werk val:
Goed, Middelmatig of Swak.
2. Doen dan 'n fyner analise van die kategorie, m.a.w. vra:
Hoe goed / middelmatig /swak?

Om dit te kan doen, lees die kriptiese omskrywing van die kategorieë en gebruik dit dan as riglyn wanneer die fyner omskrywing onder **Taal, Inhoud en Kommunikasie** gelees word.

Voorbeeld

- ✓ Ek lees 'n stuk en besluit dit val in die kategorie **Goed**.
- ✓ Ek vra myself af : Hoe goed? En besluit dit is goed, maar nie 80% nie, m.a.w. amper goed, want daar is te veel hinderlikhede.
- ✓ Terwyl ek nasien, onderstreep ek nie net foute nie, maar ek maak regmerkies waar iets werklik treffend en goed is (nie wat reg behoort te wees nie.)
- ✓ Nou kyk ek na die kolom "Kriteria" en in plaas daarvan om te sê:

Goeie taalgebruik, sê ek die taalgebruik is *amper goed*, want die verskeidenheid sintipes is nie so groot nie; daar is min, maar hinderlike foute. Foute wat ek nie van 'n A-kandidaat verwag nie. So kyk ek ook na woordkeuse en hoe uitgebreid die woordeskate is, hoe geskik en gepas die woordgebruik is, hoe korrek die idiomatiese taalgebruik is.

Ek beweeg na **Inhoud** en doen dieselfde. Ja, die inhoud is goed, maar nie só goed dat ek 80% daarvoor sal wil gee nie, want dit is interessant en relevant, maar nie werklik só boeiend nie. Verder stem ek saam dat die beplanning goed is, maar miskien oortuig die slot my nie heeltemal so goed nie, ens.


Vervolgens kyk ek na **kommunikasie** en doen dieselfde: ja, die onderwerp is korrek geïnterpreteer en die boodskap is goed oorgedra, maar omdat die woordkeuse plek-plek nie werklik gepas is nie, tref dit nie so in die kol nie. Iets van die atmosfeer/styl het nie heeltemal geslaag nie.

- ✓ Ek besluit dan finaal dat die kandidaat goed is, maar nie goed genoeg vir 80% nie.

3. Ek skryf die kategorie en die punt neer.

ONTHOU

1. Ek moet self die onderwerp reg interpreteer, maar "oop" genoeg om te kan insien as die kandidaat dit anders vertolk het.
2. Ek moet self 'n baie goeie waardebeoordeling en kennis van die verskillende kategorieë hê, m.a.w. ek moet weet wanneer iets 80%, 50% en 30% werd is.
3. Ek moet my nie blindstaar teen een van die drie aspekte (taal, inhoud, kommunikatieweet) nie, maar moet dit globaal beoordeel. Die een kan nie los van die ander beoordeel word nie. Die een oefen 'n direkte invloed op die ander een uit en is nou verweef.



**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL - HOËR GRAAD EN STANDAARDGRAAD
NASIENSKAAL VIR DIE ASSESSERING VAN SKRYFWERK**

%	KATEGORIE	KRITERIA					
		40	30	20	15	10	
100	G+++ Absoloot uitstekend	40	30	20	15	10	TAAL
95	G++ Uitstekend	38	29	19	14½	9½	
90	G+ Uitstekend	36	27	18	13½	9	
85	G+G Baie goed	34	26	17	13	8½	INHOUDE
80	G Goed	32	24	16	12	8	
75	GG- Amper goed	30	23	15	11½	7½	KOMMUNIKASIE
70	G- Goed, te veel swakhede	28	21	14	10½	7	
65	G-M+ Neig na goed, te veel swakhede	26	20	13	10	6½	TAAL
60	M+ Bogemid; Begin neig na goed	24	18	12	9	6	
55	M+M Beïers as gemiddeld	22	17	11	8½	5½	INHOUDE
50	M Gemiddeld	20	15	10	7½	5	
45	MM- Redelik gemiddeld, te veel foute	18	14	9	7	4½	KOMMUNIKASIE
40	M- Sukkelend, maar nie swak nie	16	12	8	6	4	
35	M-S+ Swak, maar kan slaag	14	11	7	5½	3½	TAAL
30	S+ Te swak om te slaag.	12	9	6	4½	3	
25	S+S Nog swakker, vol foute	10	8	5	4	2½	INHOUDE
20	S Swak	8	6	4	3	2	
15	SS- Uiters swak	6	5	3	2½	1½	KOMMUNIKASIE
10	S- Hooploos	4	3	2	1½	1	

1. Lees die stuk deur, besin oor die taalgelykheid, inhoud en kommunikasie en plaas die kandidaat in een van die drie hoëkategorieë, nl. GOED, MIDDELMATIG of SWAK.
 2. Besin dan hoe goed, middelmatig of swak. Begin by die omskrywing van die hoëkategorieë (GOED, MIDDELMATIG, SWAK - T/ing) en lees dan die opsommende omskrywing. Plaas die kandidaat dan in 'n spesifieke simbool-kategorie, bv. M+M.
 3. Skryf die simbool reël (bv. M+M) en soek dan in die kolom onder die ooreenstemmende waarde en skryf dit neer (bv. uit 30 is M+M 14).

DEPT. VAN ONDERWYS
2007 -03- 07
PRETORIA
DEPT. OF EDUCATION